



Kerugma[®] Bulletin

Posbus 1367
KUILSRIVIER 7579
Tel: (021) 903-1901
Fax: (021) 906-2637
E-mail: info@kerugma.org.za
www.kerugma.org.za

'n Nuusbrief aan die oorwinnaars in Christus

Volume 1:2

MEI 1999

'n Sekere skrifgeleerde het gekom en vir Jesus gesê: "Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan". En Jesus sê vir hom: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie." (Matt. 8:19-20).

DIE SEUN VAN DIE MENS HET GEEN PLEK WAAR HY SY HOOF KAN NEERLÊ NIE

- Ignatius A. le Roux

"Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan." Hoe opreg klink hiedie woorde nie? Dit is so maklik om dit vir die Here te sê. Tog, wanneer 'n mens na die reaksie van die Here Jesus hierop kyk, mag jy dalk twee keer dink voordat jy dit ook sê. Sy antwoord was duidelik: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie."

Met hierdie woorde gee die Here Jesus aan ons iets deur van die tipe lewe wat Hy gelei het. Meer nog, Hy sê hierdeur vir die persoon wat Hom so graag wil volg, wat om te verwag. Hy gaan immers deel in die lewe van die Een vir wie hy volg. 'n Leerling, so leer die Here Jesus ons, is nie bo sy meester nie. Dit wat die meester te beurt val, tref die leerling ook (Matt. 10:24; Joh. 15:20).

Die Here Jesus is in 'n stal gebore en het in 'n arm huis opgegroeï. Voorts het Hy ook ontbreek aan die basiese geriewe van die lewe. Hy kon nie vir iemand wat Hom volg enigiets bied nie. Iemand wat Hom wou volg moes weet om dit in ag te neem voordat hy die hand aan die ploeg slaan. U sien, Jesus het dit wat Hyself gepreek het, deeglik uitgeleef. Toe Hy in sy Bergrede genoem het hoe goed die hemelse Vader die voëls van die hemel en die lelies van die veld versorg (Matt. 6:25-29), was Hyself sonder 'n plek van sy eie. Hy het geen vaste eiendom, huis of selfs 'n tent besit nie. John MacArthur skryf soos volg hieroor:

"After the dispute about Jesus' healing of the blind man, "everyone went to his home," John tells us: "But Jesus went to the Mount of Olives" (John 7:53-8:1). Whereas others went home to spend the night, Jesus spent it alone under the stars, in prayer with His Father. We are told of His often spending time in the home of Peter in Capernaum and of Mary, Martha, and Lazarus in Bethany, but we are never told of His spending even an

hour in His own house, because He had none."¹

Dit beteken natuurlik nie dat diegene wat die Here Jesus volg, nie besittings mag hê nie. Beide die rykes (1 Tim. 6:17-19) en die armes (Rom. 15:26) mag, indien moontlik, huise en ander besittings hê. Selfs ook diegene vir wie die Here roep om alle addisionele vorme van inkomste op te offer (2 Tim. 2:4), ten einde in staat te wees om voltyds in sy diens te staan, mag die nodige besittings hê. Dit is nou indien die Here dit so beskik dat dit vir hulle beskore is. Volgens die aanduidings uit die Skrif, het Petrus en Johannes byvoorbeeld hul eie huise gehad. Voorts is daar diegene wat geroep is om voltyds in die diens van die Here te staan (Rom. 10:14-15), maar wat niks besit en geen vaste inkomste het nie. Hul vertrou vir alles wat nodig is vir hul en hul gesinne asook vir die bediening waarin hulle staan, is op Hom alleen. Waarvan leef hulle? Hierdie vraag kan beantwoord word deur te kyk na die antwoord op die vraag:

WAARVAN HET DIE HERE JESUS GELEEF?

Behalwe vir enkele aanduidings uit die Skrif, weet ons nie presies wat die antwoord op die vraag is nie. Een aanduiding wat ons wel het, is dat daar diegene was wat Hom met hulle **besittings** gedien het. In

¹MacArthur, J.F. THE MACARTHUR NEW TESTAMENT COMMENTARY - MATTHEW 8-5, Moody Press, Chicago, 1987.

Lukas 8:1-3 lees ons hoedat Jesus

...die een stad en dorp ná die ander deurgereis en gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig [het]; en die twaalf was saam met Hom, ook sekere vroue wat genees was van beseerde geestes siektes: Maria wat Magdaléna genoem word, uit wie sewe duiwels uitgegaan het, en Johanna, die vrou van Gusa, 'n bestuurder van Herodes, en Susanna en baie ander **wat Hom almal met hulle besittings gedien het.**

Is dit nie wat almal wat besittings het, daarmee behoort te doen nie? U sien, of ons nou iets besit of nie, ons moet let op wat ons *gesindheid* jeens geld en materiële dinge is. Ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie (1Tim. 6:7). Maar dit wat ons doen met die dinge wat ons wel gedurende ons lewe hanteer, is wat gewig dra. Is ons besig om vir ons skatte hier op aarde te versamel? Dan gaan dit saam met ons vergaan. Ons gaan dit alles verloor die oomblik wanneer ons sterf. As ons egter besig is om die koninkryk van God en sy geregtigheid, sy wil, te soek, dan is daar skatte wat vanself in die hemel vir ons opgebou word. Dit is skatte van ewigheids-waarde (Matt. 6:19-34). Die vraag is nie of ons iets het en hoeveel nie, maar of dit wat ons het in die diens van die Here staan.

Wanneer 'n mens met die wedergeboorte die gawe van die ewige lewe ontvang, open daar 'n heel ander perspektief in jou lewe. Word u lewe al gerig vanuit hierdie perspektief? Dit is die perspektief waar 'n mens weet dat jy net 'n "bywoner en vreemdeling" (1 Pet. 2: 11-12) in hierdie wêreld is. Jou "burgerskap is in die hemel" (Fil. 3:20-21). Diegene wat met hierdie perspektief lewe, is mense wat wanneer hulle iets koop, dit koop "asof hulle nie besit nie; en die wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle dit nie ten volle gebruik nie; want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby" (1 Kor. 7:30-31).

Wat belangrik is, is dit wat die wil van God is. Johannes stel dit so: "... die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (Vergelyk 1 Joh. 2:15-17).

Soek ons daadwerklik die wil van die Here in alles wat ons doen - ook in elke item wat ons koop? Die Here Jesus het die skrifgeleerde geant-woord deur te sê dat Hyself slegter af is as die jakkalse van die veld en die voëls van die hemel. Een les wat ons by hierdie diere kan leer, is **vergenoegdheid**. Hulle is vergenoeg met dit wat hulle het. En in 'n sekere sin is dit die boodskap wat na ons kom deur die woorde:

"Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie."

Die opdrag waaronder ons staan, is duidelik:

... as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees (1Tim. 6:8).

Daarmee saam lees ons hierdie waarheid:

... die **godsaligheid** saam met **vergenoegdheid** is

'n groot wins (1Tim. 6:6).

Het ons die eienskap wat deur die woord **vergenoegdheid** beskryf word? Die woord in die oorspronklike Grieks beteken dat 'n mens jousef tevrede stel. Jy het ast' ware 'n innerlike vermoë om jousef te motiveer om gelukkig en tevrede te wees met die omstandighede waarin jy jou bevind. Dit is nie 'n eienskap wat die mens in homself het nie. Volgens 1 Timoteus 6:6 gaan dit saam met die begrip "Godsaligheid". Hierdie woord het in die Grieks die betekenis om op God gerig te wees in die sin dat jou uiterlike lewenswyse toon dat jou lewe in lyn met God se standaard en vereistes is. Jou uiterlike lewe is 'n weerspieëling van die innerlike krag wat die inwonende Heilige Gees dag vir dag in jou werk. Hy is die Een wat jou innerlike mens daagliks vernuwe (2 Kor. 4:16). Dit is dus slegs moontlik vir 'n kind van God, iemand in wie die Heilige Gees elke dag hierdie vernuwingswerk doen, om sy lewe volgens die wil van God te rig. Soos wat 'n mens dit doen, is dit ook dat jy die krag ontvang om jousef te oriënteer om tevrede te wees met dit wat jy het en met die omstandighede waarin jy jou bevind. Dit kan soms goeie en aangename, maar dikwels ook uiters haglike omstandighede wees. Petrus gee aan die Christen slawe van sy dag die opdrag:

... wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is (1 Pet. 2:18).

Hy verduidelik dan dat ons geroep is om ook, soos die Here Jesus Christus, dikwels onreg-verdig te ly:

... dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly ... Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstap kan navolg (1 Pet. 2:19,21).

Wanneer die Here Jesus dan vir ons sê om Hom te volg, maar dat ons in ag moet neem dat die Seun van die mens self nie 'n plek het om sy hoof neer te lê nie, dan sê Hy dat ons moet weet dat dit 'n pad van absolute selfverloëning sal wees.

Wat interessant is, is dat die betekenis van die woord "vergenoegdheid" ook inhou dat dit die krag het om andere om jou ook te inspireer. Dit het 'n tipe aansteeklikheid. Waar jy die Here Jesus gehoorsaam is en jy onder allerlei geestelike en fisiese vervolging en finansiële druk gebuk mag gaan, is jou lewe die bron waardeur die Heilige

Kérugma Bulletin

Die **Kérugma Bulletin** is 'n geestelike blad wat deur **Kérugma Produksies** uitgegee en versprei word.

REDAKSIE

Naas en Marina le Roux, Posbus 1367, KUILSRIVIER 7579, Tel 021-903-1901, Faks 021-906-2637

INSKRYWINGS

Stuur u naam en adres aan ons en vra dat die **Bulletin** aan u gestuur word. Dit word gratis versprei ten einde soveel as moontlik mense te bedien. Donasies vir die druk- en versendingskoste word verwelkom.

© **Alle regte voorbehou.** Die **Kérugma Bulletin** word in so 'n formaat gedruk dat fotokopieë daarvan gemaak kan word en dit sodoende maklik verder versprei kan word. Die kopiereg van alle artikels word egter voorbehou. Waar enige item elders hergebruik word, moet die nodige toestemming skriftelik van die redaksie aangevra word en die nodige erkenning asseblief aan die **Kérugma Bulletin** gegee word.

Kérugma Produksies

Die woord *kérugma* is die Grieks vir "die boodskap wat verkondig of geproklameer word."

Kérugma Produksies is 'n geloofsonderneming wat daarna streef om deur middel van hoë gehalte media-produksies die evangelie van Jesus Christus uit te dra. As geloofsonderneming is **Kérugma** vir al sy finansiële behoeftes van die Here alleen afhanklik. Die vertroue is dat Hy wat die werk begin het, dit ook in stand sal hou deur die vrywillige bydraes van sy kinders. So word daar vertrou dat elkeen wat seën ontvang uit die video's en ander produkte, in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here, dit wat die Here op hul harte mag lê, getrou vir die werk sal aanstuur (1 Kor. 9:11). Ten einde die breë kerklike publiek met sy produkte te kan bedien, staan **Kérugma Produksies**, soos baie uitgewers van geestelike boeke, kerklik neutraal. Derhalwe het geen kerk of gemeente 'n aandeel in hierdie bediening soos om dit byvoorbeeld finansiëel te dra nie. Ons neem die vrymoedigheid om dit so te stel, omdat die video's en ander produkte nie verkoop word ten einde die bediening te finansier nie. Die eintlike produk wat **Kérugma** versprei, naamlik geestelike video's, verskil van ander produkte in die opsig dat die koste vir die produsering daarvan etlike duisende rande per minuut van die totale kyktyd van die eindproduk beloop. Indien hierdie produksiekoste by die pryse van die video's ingesluit sou word, sal dit onbekostigbaar duur wees. **Kérugma** versprei sy produkte op die basis dat slegs die koste van die produk self deur die prys daarvan gedelg word. Vir die produksiekoste daarvan benodig ons die vrywillige donasies van die kinders van die Here. Ons begeerte is dat die video's by elke huis in die land sal uitkom. Om hierin te slaag steun ons op die gebeds- en finansiële ondersteuning van elkeen wat graag hiertoe wil meehelp.

hoogmoed. Die vrug van vergenoegdheid sal in so 'n geval ook tot andere spreek. Dit kan vir hulle tot inspirasie dien om self ook die Here te volg, of hulle kan jou verwerp.

Het u al die volgende belofte aan die Here Jesus gemaak?

“Meester, ek sal U volg waar U ook mag gaan”

Hoe volg 'n mens die Here vandag oral waar Hy gaan? Deur daaglik, maar ook in elke situasie elke dag met Hom te praat. Bid daaglik tot Hom deur elke oggend jouself aan Hom oor te gee en te sê dat jy alleen sy wil daardie dag wil doen. Soos die dag dan verloop en jy in 'n situasie mag kom waarin jy 'n besluit moet neem, vra stilweg in jou hart vir die Here wat Hy sou doen as Hy nou in jou skoene sou staan. Dit waaroor Hy jou vrede gee, doen dit. As jy nie dadelik weet wat die Here Jesus sê nie, onthou 1 Petrus 2:21 sê dat Hy vir ons 'n voorbeeld nagelaat het, sodat ons in sy voetspore kan navolg. Dink aan sy lewe en doen dan dit wat jy reken Hy in jou omstandighede sou doen. Deur dit te doen sal jy algaande leer om meer en meer in die voetspore van die Here Jesus te wandel. Hy is ons Goeie Herder wat voor sy skape uitloop om hulle te lei na groen weivelde. Petrus verduidelik dat ons eers soos dwalende skepe was, maar deurdat Hy ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, kan ons nou vir die geregtigheid lewe (1 Pet. 2:24-25). Naas om te bid het ons ook sy Woord waaruit ons kan leer wat sy wil vir ons is. Wanneer ons byvoorbeeld onregverdig sou ly en beledig word, kry ons in 1 Petrus 2:22-23 sy voorbeeld vir ons optrede:

Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel.

Is u 'n volgeling van die Here Jesus Christus? Hou dan altyd hierdie voorbeeld in gedagte en vra Hom om deur sy Heilige Gees aan u sy krag te verleen om dit ook te kan doen. Hy is ons Hoëpriester wat vanuit sy posisie op die troon aan die regterhand van die Vader, deur die Heilige Gees aan ons die krag gee om in ons situasie vandag in sy voetspore na te volg.

‘N SKRIFGELEERDE VOLG JESUS

Oor die algemeen skets die Nuwe Testament 'n negatiewe beeld van die skrifgeleerdes. Op een plek, naamlik Matteus 13:52, maak die Here Jesus 'n positiewe opmerking in verband met een. 'n Feit is

Gees andere inspireer. Al ervaar jy niks daarvan nie, werk die Heilige Gees vanuit jou lewe deur na andere. Ook waar jy in die voetspore van die Here Jesus volg en jy soms seën mag ervaar en dit goed en voorspoedig gaan, bewaar die inwonende Heilige Gees jou van versoeking soos geldgierigheid en

dat die skrifgeleerdes invloedryke figure onder die volk was. Wanneer die Here Jesus vir hierdie man sê dat Hy nie 'n plek het om sy hoof neer te lê nie, plaas Hy sy vinger juis dáár waar dit saak maak.

Om Jesus te volg sou vir hom sy aansien in die samelewing, die agting van sy familie, sy inkomste, en moontlik sy huis gekos het. Wat kos dit u om die Here Jesus te volg? Het u al ooit gedink oor hoe belangrik hierdie verskil-lende dinge vir u is? U posisie by die werk; die agting van u familie; u besittings; en wie is in beheer van u salaris? Doen u daarmee net wat u wil, of beheer die Here Jesus dit? Miskien is dit maklik om te sê: "Here, ek sal U volg net waar U my lei", maar is ons regtig besig om dit te doen? Leef ons regtig volgens dit wat ons weet Hy in sy Woord sê? Doen ons verder in elke situasie dit wat ons in ons harte weet dat Hy deur sy Gees vir

ons sê? Gehoorsaam ons sy stem? Wanneer iemand in ons gedagtes opkom, bid ons vir die persoon, of ignoreer ons die leiding van die Heilige Gees? Wanneer Hy diep in ons gees stilweg vir ons sê om iets vir iemand te doen, te gee of te stuur, luister ons of redeneer ons die influistering van sy stem weg?

"Meester, ek sal U volg waar U ook al gaan."

Laat ons onself onvoorwaardelik aan die Here oorgee sodat Hy ons kan lei. Ja, laat ons daadwerklik volgelinge van die Here Jesus wees. Mense wat Hom in alles behaag en in 'n volkome verhouding tot Hom staan.

REDIGEER SUITE

Dit wat ons verlede keer vir u genoem het, naamlik dat 'n groot firma een van hul redigeer suites tydelik hier sou kom instaleer, het toe gebeur. Ons is dankbaar om te kan sê dat dit 'n geslaagde eksperiment was. Die redigeerder werk goed en is uiters geskik vir die werk.

Nou na baie navorsing en selfs 'n goeie proeflopie met hierdie een, weet ons uiteindelik watter redigeerstasie die regte een is. Verder kry ons dit deur dieselfde persoon waardeur ons Augustus verlede jaar die kamera gekoop het. As kind van die Here bied hy dit weereens vir ons teen 'n baie billike prys aan. Wil u nie saam met ons bid dat die Here so sal voorsien dat ons dit sal kan aanskaf nie. Wanneer ons dit kry, het ons alles sodat ons volstoom kan begin produseer. Ons sien baie daarna uit en vertrou dat die Here vir ons hierin sal vooruitrek.

VIDEOS AND BOOKS BY BILL RANGLES

WHY DO YOU CALL ME GOOD?

Bill Randles dismantles today's so called "evangelical" approach to proclaim everyone that reacts to an altar call, merely "a member of the family of God", without recognizing God's precepts in this regard. Expounding Scripture from Jesus' reaction to the question of the Rich Young Ruler concerning inheriting eternal life (Mark 10:18), Bill points out that there is more to becoming a disciple of Jesus than what is being heard from many pulpits today.

Bill Randles tells how he as a preacher of the gospel previously filled his church by proclaiming the "popular" message. He later came to a rude awakening: the realization that this was the reason for the occurrence of many false conversions.

You will want to view this video more than once and to share it with others. The video is filled with inserts of many of the phenomena such as the Toronto Blessing, etc. (R65.00)

THE COMING OF THE LORD

Jesus' disciples questioned Him concerning the time and sign of His second coming and the end of this age (Matt. 24). His answer to their question forms the basis of Bill Randles message on this video.

As he expounds the different aspects of Jesus' answer, it becomes clear that we do not only live very near to THE COMING OF THE LORD, but that many of the current phenomena within the church are part of Satan's preparation of the world wide church of the end time. In the video you will see many inserts of these phenomena, as Bill speaks about the unification of faiths, the Toronto "Blessing" etc.

Bill relates in this video how he and many of his friends once were really expecting the Lord's return, but how many lost their focus and became lukewarm. Maybe the message on this video is just what you need. (R65.00)

Bill Randles is a pastor of a church in Cedar Rapids, Iowa, USA. His books **WEIGHED AND FOUND WANTING - Putting the Toronto Blessing in Context** (R56.95), **MAKING WAR IN THE HEAVENLIES** (R49.95) and **THE NEW PROPHETS** (R49.95) are also obtainable through Kérugma Productions.